

Lekkerbekkie Nuusbrief

20 AUGUSTUS 2014 | UITGAWE 69



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Spinneralie se wilde dans
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinder stories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Spinneralie se wilde dans deur Anna Emm

Spinneralie die spinnekop voel vandag só vrolik dat sy lus is om te dans. Maar daar is nie plek vir dans in haar klein spinnekop-huisie nie. Met haar agt lang pote sal sy teen alles stamp! Spinneralie se spinnekop-huisie is onder die blare van 'n baie hoë boom, en toe sy buite kom, sien sy 'n paar goggatjies op die tak sit en gesels. "Verskoon tog," vra sy. "Sal julle omgee as ek gou hier op die tak dans van vrolikheid?"

Die goggatjies loer na Spinneralie se agt lang, dun pote. "Hmm," sê hulle, "dalk is dit nie so 'n goeie idee nie. Netnou stamp jy ons van die tak af met jou lang pote. Liewer nie."

Spinneralie kyk om haar rond. Daar onder op die grond is 'n oop stukkie grond. Dalk kan sy dáár gaan dans! Sy skarrel teen die boom se stam af, maar toe sy by die oop stukkie grond kom sien Spinneralie 'n rytjie miere verbykom. Hulle lyk haastig. "Sal julle omgee as ek gou hier oor die oop stukkie grond dans van vrolikheid?" vra Spinneralie vir die miere.

Die miere stop en loer na Spinneralie se agt lang, dun pote. "Dalk nie 'n goeie idee nie..." sê hulle vinnig. "Net nou trip jy vir ons met daardie pote van jou, en ons is vreeslik haastig. Ons kan nie nou val nie!"

Die miertjies stap vinnig verder – netjies in 'n rytjie – en Spinneralie kyk moedeloos om haar rond. Is daar dan nêrens 'n plekkie waar sy kan dans van vrolikheid nie? Maar wat sien sy nou? Daar, in die stam van die boom, is 'n deurtjie met 'n groot plakkaat op. Die plakkaat sê: "JUFFROU RALIE SE BALLETKLAS!"

Vinnig gaan klop Spinneralie aan die balletklas se deur, en toe Juffrou Ralie oopmaak, sê sy: "Ek is lus om te dans, Juffrou Ralie! En daar is nie plek in my huisie óf op die tak óf op die oop stuk grond nie."

Juffrou Ralie glimlag groot. "Maar dan is jy mos op die regte plek, Spinneralie!" sê sy. "My balletklas is waar elke diertjie en dingetjie kan kom dans na hartelus! Kom binne, kom binne! Die klas gaan nou begin."

Maar o aarde! Toe die balletklas begin en Spinneralie begin dans... besef Juffrou Ralie dat dit dalk nie so 'n goeie idee was nie. Spinneralie se agt lang, dun pote dans die hele klas vol! Dis 'n wilde dans wat díe kant toe gaan en dan dáárdie kant toe! Spinneralie dans en dans – sy dans só wild en rof dat daar nie plek is vir enigiemand anders om ook te dans nie.

"Dit sal nie werk nie," dink Juffrou Ralie, en vinnig maak sy 'n ander plan. Sy leer vir Spinneralie die spinnekop 'n ánder dansie. Dis 'n WIKKELDANS, en wanneer Spinneralie die wikkeldans doen moet sy net op een plek doodstil staan en haar lyfie wikkel. Dan kan sy niemand omstamp nie, en daar is oorgenoeg plek vir die ander diertjies en dingetjies om rondom haar te dans.

Van daardie dag af het Spinneralie elke dag saam met die balletklas gaan oefen, en dan het sy haar wikkeldans gedoen. Net soms, wanneer sy baie vrolik gevoel het, het sy weer haar wilde dans gedoen. Maar dan het sy baie seker gemaak daar is niemand naby nie!

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Ontmoet vir Robottertjie die robotseuntjie!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Anna Emm se reeks “Slaapydstories” is beskikbaar in pragtige volkleur A5 boekies vir voorlees voor slaapyd. Twee van hierdie boekies, **ROBOTTERTJIE EN DIE PARTYTJIE** en **ROBOTTERTJIE KRY 'N TROETELDIERTJIE**, is hierdie week beskikbaar teen slegs R140 vir beide as jy by een van ons agente koop! Jy kan dit ook teen die gewone prys van R75 elk direk by ons bestel. Die boekies is geskik vir kinders tussen 3 en 9 jaar.

Bestel jou boekies nou by 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za – of Anna Emm agente landswyd. Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.

Afrikaanse Storieboekies!


Ontmoet vir Robottertjie - die robotseuntjie met die blink lyfie! Twee oulike slaapydstories (A5 boekies) vir 3-9 jariges, deur bekende skrywer, Anna Emm...

SPESIALE AANBOD:

Kry beide Robottertjie-storieboekies

@ slegs R140

(Gewone prys R75 elk)



Aanbod sluit 25 Augustus
Slegs by ANNA EMM agente!


annaemm
kinderstories

Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Spinneralie se wilde dans illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za